**Internasionale Dag van Demokrasie: Tyd vir nadenke**

**Ursula van Beek***

Die Internasionale Dag van Demokrasie, wat jaarliks op 15 September gevier word, is ’n geleentheid vir ons om na te dink oor wat presies demokrasie is en hoekom dit nie so goed vaar in vandag se wêreld nie.

Op sy mees basiese dui demokrasie op regering deur die mense. Die woord is afgelei van die Griekse *demos*, wat mense beteken, en *kratos*, wat regeer beteken. Die praktyk van demokrasie voer sy twee en ’n half duisend jaar oue geskiedenis terug na die politieke stelsel van die antieke Griekse stadstate, veral Athene, en die verskillende vorme van kollektiewe besluitneming wat in ander dele van die wêreld gevolg het, insluitend Afrika.

Demokrasie word steeds verstaan as die heerskappy van die mense met verkiesings as die sentrale maatstaf, maar die breër gesprek is nou hoofsaaklik gefokus op die demokrasie-outokrasie-teenstelling en op wat wêreldwyd bekendstaan as “demokratiese agteruitgang”.

Die verskuiwende sand van die geopolitiek het op ’n sigsag-manier begin vestig en die wêreld in demokrasieë en outokrasieë verdeel op maniere wat baie anders is as die eenvoudige verdeling van die Koue Oorlog-era. Toe het dit alles gegaan oor demokrasie onder die leierskap van die Verenigde State, in konfrontasie met kommunisme onder die beskerming van die Sowjetunie. En dit het gehandel oor ’n stryd tussen die botsende ideologieë van kapitalisme en staatsbeheerde ekonomie.

Vandag se bipolariteit het ’n veel meer komplekse karakter. Protagoniste van die outokrasienetwerk, veral Rusland, China, Iran en hul surrogate, het steeds een gemene deler: ’n Minagting vir demokrasie, wat hulle op verskeie maniere probeer afkraak en ondermyn.

Demokrasieë, aan die ander kant, bied nie ’n verenigde front of verwoord ’n duidelike gedeelde visie nie. Hulle is ook intern verswak. Talle lande – insluitend die Verenigde State, die voormalig voortreflikste model van demokrasie – word uitmekaargeskeur deur polarisasie en bedreig deur die antidemokratiese aard van regse populisme. Die werklike of verbeelde vrese vir “die ander” gee inhoud aan verdelende xenofobiese narratiewe onderliggend aan populisme wat nog altyd met ons was; ons is almal maar stamgebonde, op stuk van sake. Maar wat nuut is, is dat populistiese bewegings nou van die skadukante na die hoofstroom beweeg het en ’n immer groeiende politieke invloed uitoefen wat tot outokratisering bydra.

Die gekombineerde impak van die verskillende faktore op wêreldwye demokratiese agteruitgang word deeglik deur data gedokumenteer. Uit die 2024-verslag “Varieties of Democracy (V-Dem)” blyk dit 11 lande het in 2003 geoutokratiseer; hierdie syfer het in 2023 tot 42 geklim. En terwyl sowat 50% van die wêreldbevolking in 2003 in outokrasieë geleef het, het die persentasie van mense wat onder outokratiese heerskappy leef in 2023 tot 71% gestyg.

Maar hoewel eksterne politieke invloede en ontwrigtende nuwe tegnologieë beslis ’n rol speel, word die agteruitgang die beste verstaan deur ’n primêre fokus op die binnelandse politieke akteurs op sowel die elite- as burgerlike vlak.

Demokrasie is ’n antwoord op die vraag wie regeer en vereis dat die mense soewerein moet wees en in staat om hul verteenwoordigers in vrye en regverdige verkiesings te kies. Op sigself

is dit nie genoeg vir die behoorlike funksionering van demokrasie nie. Die ontbrekende element is liberalisme, ’n woord wat van Latyn afgelei is wat vry beteken en verwys na die grense van mag wat op diegene wat tot die amp verkies is, opgelê word. Hierdie perke is ontwerp om die regte en vryhede van die individu te beskerm en die magshebbers te verplig om die grondwet en die oppergesag van die reg te handhaaf. Die deur na outokrasie gaan dikwels oop wanneer hierdie perke deur die verkose verteenwoordigers geïgnoreer of geëlimineer word.

Die onvermydelike reaksie van onder na bo kom van burgers sodra hulle begin om hul demokrasie te sien vir die bedriegspul wat dit geword het. Hulle raak keelvol vir leiers wat nie net ontoerekeningsvatbaar is nie, maar wat dikwels ook korrup is en nie in staat is om werk te verskaf, persoonlike veiligheid te verseker en ’n beter lewensgehalte vir hul mense te bied nie. Studies toon dat effektiewe regering vir die meeste burgers, ongeag waar op die planeet hulle woon, belangriker is as politieke deelnameregte. As demokrasie nie die gewenste resultate lewer nie, kan ’n verandering van regime vir desperate mense lyk asof dit die enigste manier is om ’n beter kwaliteit van daaglikse lewe na te streef.

Dit is ruimskoots in Afrika gedemonstreer. In net vier jaar, tussen 2020 en 2023, het sewe lande regimeverandering deur militêre staatsgrepe ervaar. En terwyl die Afrika-unie en die Ekonomiese Gemeenskap van Wes-Afrikastate (Ecowas) die staatsgrepe veroordeel het, het burgers in sommige van daardie lande openlik in die strate feesgevier.

Die kommer is dat militêre oornames deel is van ’n veel breër politieke krisis van demokrasie op die vasteland, aangesien populêre antidemokratiese sentimente verby die staatsgreepgordel strek. Volgens Afrobarometer-data het die persentasie burgers wat hul land as ’n demokrasie beskou, tussen 2014 en 2023 in 32 lande met 3 persentasiepunte gedaal.

Teen hierdie agtergrond is Suid-Afrika een van ’n handjievol lande wat uitstaan as ’n baken van hoop op die vasteland. Suid-Afrikaners het ook diep teleurgesteld en onvergenoeg geraak oor staatskorrupsie met die gepaardgaande diensleweringsmislukkings oor al die sektore heen en te midde van onaanvaarbare hoë vlakke van werkloosheid en misdaad. En tog, in plaas daarvan om hulle tot wapens te wend om aan hul woede uiting te gee, het hulle na die stembus gestroom en is gehoor.

Die gevolglike regering van nasionale eenheid (RNE) is ondanks alles in rekordtyd saamgestel, veral in vergelyking met die marathon-wagtydperk van etlike weke of selfs maande wat dit van die voorste Westerse demokrasieë neem om ooreenkomste oor koalisieregerings te bereik.

Die RNE dien nog sy proeftyd uit, maar die stemming in die land is merkbaar ligter in afwagting op ’n beter toekoms vir almal. Kom ons vier daardie belofte!

***Prof Ursula van Beek is die Direkteur van die Sentrum vir Navorsing oor Demokrasie (CREDO) aan die Universiteit Stellenbosch.**